Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2022-06-15

Geagte Ouer/Voog

SPESIALE OMSENDBRIEF

PROGRAM VIR DIE LAASTE WEEK - MNR GERICKE

Ons het besluit om die kwartaal af te sluit met `n paar genotvolle aktiwiteite.
LET WEL: Ons gaan steeds voort met die akademiese program.

Die program vir die week van 20 Junie 2022 tot 23 Junie 2022 lyk as volg:

Maandag: 20 Junie 2022: Fotodag (klas en individuele foto's)
Kleredrag: Netjies geklee in skooldrag
Ons gaan voort met skoolwerk op hierdie dag

Dinsdag: 21 Junie 2022: Fotodag (sportfotos)
Kleredrag: Leerlinge kom in skoolsweetpakke en snaakse kouse skooltoe.
ONTHOU: Pak jou sportklere in vir die foto's
Aktiwiteite (na 2de pouse) **GLF** : Speletjies
Seniors: Netbaldag

Betaal R10 by jou klasonderwyser in vir warmsjokolade en om nagklere aan te trek.

Woensdag: 22 Junie 2022: Pajamadag - kom met jou nagklere skool toe!
Kleredrag: Nagklere (pajamas)
Aktiwiteite: 07:30 - 09:00 - **Senior leerlinge (Gr. 4 tot 7)** in die saal
- **GLF (Gr. 1-3)** in klasse, lees slaaptydstories en drink warm sjokolade.

) - 11:44 - Alle leerders in klasse (Akademiese program gaan voort)
de pouse: **GLF** leerders in saal
Seniors in klasse, lees stories en drink warm sjokolade.

➢ BRING SAAM: beker, teelepel, jou eie storieboek en 'n R10

Donderdag: 23 Junie 2022: Omgeedag
Kleredrag: Gewone klere (bring nie-bederfbare kruideniersware of 'n kombers as toegang)

Aktiwiteite : **GLF** : (Gr. 1-3) en **Seniors** bring bordspeletjies of kaarte – ons hou 'n speletjiedag na 2de pouse.

Rapporte word uitgedeel.

Vakansietyd lê al weer voor die deur vir ons kinders en personeel. Die skool sluit Vrydag, 24 Junie 10:00 en open weer Dinsdag, 19 Julie.

Dankie aan almal se betrokkenheid by ons pragtige skool. Ons bring lof aan ons Hemelse Vader vir ouers, kinders en personeel wat hierdie skool so besonders maak.

Mag hierdie wintervakansie vir u almal saam met u kinders 'n wonderlike rustyd wees. Ry versigtig en pas u en ons kinders mooi op. Laerskool Elspark is baie lief vir julle.

Program vir die laaste twee weke (13 – 24 Junie):

13 – 14 Junie	Volg 'n normale skooldag. Die skool sluit 13:30
15 Junie	Volg 'n verkorte skooldag. Skool sluit 12:00. Daar sal toesig wees tot 13:30 vir die leerlinge wat nie 12:00 afgehaal kan word nie.
16 Junie	Jeugdag (vakansiedag)
17 Junie	Skoolvakansiedag
20 – 23 Junie	Volg 'n normale skooldag. Skool sluit 13:30
23 Junie	Leerlinge ontvang hulle rapporte. Oueraand - slegs per uitnodiging
24 Junie	Die skool sluit 10:00 vir alle leerlinge.

Belangrike kennisgewing

- Skoolbywoning: alle leerlinge is verplig om skool by te woon. Sien bogenoemde datums. Leerlinge kan nie sonder enige geldige verskoning tuis bly nie.
- Ouers maak seker dat u kind die toetse wat die leerlinge huis toe bring teken en weer terug stuur skool toe.
- Maak seker dat u kind/kinders hulle rapport huis toe bring, sodat u daarna kan kyk (leerlinge ontvang hul rapporte op 23 Junie)

NETBAL - ME S DU TOIT

Die netbal seisoen het tot 'n einde gekom en ons wil graag aan elke netbal dogter, ouer en ondersteuner dankie sê vir 'n wonderlike seisoen.

Dit was 'n vreugde om ons dogters en ouers weer om die netbalbane te kon sien en dit was sowaar n suksesvolle seisoen.

Ons mini-netbal dogters het ons naam hoog gehou by elke mini netbaldag.

Ons het ongelukkig met ons vorige omsendbrief nagelaat om die C-spanne geluk te wens met hul besonderse prestasie Baie geluk aan die volgende C-spanne wat liga wenners was; O/10,O/11 en O/12. Die O/12 span was ook D16 naaswenners. Ons is geweldig trots op julle!!!

Baie geluk ook aan die O/12 en O/13 B spanne wat D16 wenners was en 'n geleentheid gehad het om ons skool te verteenwoordig by die Ekurhuleni uitspele .

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Almagtige God wat elke dag Sy genade en liefde aan ons toon.

Psalm 46:11

Bedaar en erken dat Ek God is.

Elsiegroete

ns. Gericke

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
LEIERSKAP (2022)
www.laerskoolelspark.co.za